# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 | **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers | **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 7 MEI 2023

### 09:30 OGGENDEREDIENS:
### Student Schalk Buys

Ons verwelkom vir teologiese student Schalk Buys in ons midde en dien die Here graag onder sy leiding. Baie welkom ook aan die twee professore van die TSP wat hom begelei. Onder die erediens sal Wikus van Niekerk en Martin Bester in die diens van ouderling bevestig word.

**Tema: Christus se onverwagse wederkoms na die aarde vereis aktiewe gereedheid - daarvoor sal ons beloon word.**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 145-1: 1, 9 en 12; Votum; Seën; Loflied: Ps. 30-1: 1, 7 en 8; Geloofsbelydenis

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eksodus 20; Sing as antwoord op die wet: Ps. 4-1: 1, 2 en 3; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Lukas 12: 35-48 (53 vertaling)
Teksverse: Lukas 12: 40, 43 en 48
Sing: Ps. 25-1: 1, 2 en 3 (kleuters gaan na hul bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Bevestiging van ouderlinge, Sing: Ps. 134-1: 4; Liefdegawes by die deure; Sing Ps. 146-1: 1 en 3; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

### 17:00 AANDEREDIENS: Ds Piet Venter

**(**Die preekreeks oor die vrug van die Gees sal vanaf volgende Sondagoggend voortgesit word)

Dit is moeilik om met leë hande te bly glo! Onbeantwoorde gebede en onvervulde beloftes breek ʻn mens se moed! Die Here wil ons egter bemoedig en aanmoedig om ondanks die feit dat ons nog nie die vervulling van al sy beloftes ervaar nie, steeds met vaste geloof aan Hom vas te hou. Die feit dat ons weet dat God sy beloftes sal vervul moet ons met opgewonde verwagting vervul.
Ja, God is getrou en Hy is besig om die vervulling van sy beloftes te bewerk! Hierdie waarheid gee ons perspektief op ons lewe, dit versterk ons geloof en gee ons hoop - al lyk die uitkoms nog so ver!

**Tema: Bly glo en hoop op God al staan jy met leë hande.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps 86 - 1: 1, 2, 8

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 42 - 1: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 42 - 1: 3, 5; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Hebreërs 11: 1 - 16 ;
Teksverse: Heb. 11: 13 - 16 (Die Bybel 2020 Vertaling);
Sing Ps 46 - 1: 1, 6; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Lied 588: 1, 2, 3 ; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**ONS BID SAAM**



1 Thessalonisense 5:25
Broeders, bid vir ons.

- Daar is baie lidmate wat deur beproewinge van siekte en terugslae gaan. Gaan gerus voortdurend deur die Dienelkander onder meelewing om spesifiek vir hierdie lidmate te bid.
- Hierdie maand het ons op die 28ste Mei Pinkstersondag waar ons op die uitstorting van die Heilige Gees fokus. In die prediking gaan daar ook op die vrug van die Heilige Gees gefokus word. Efesiërs 5:18 leer dat ons deur die Gees verul moet word. Laat elkeen van ons eerlik biddend voor die Here vra of ons 'n Geesvervulde lidmaat is. Vra biddend of ons 'n Geesvervulde gemeente is. Bid saam tot ons God en Vader dat elke lidmaat en ons gemeente deur die werk van die Heilige Gees gekenmerk word.
- Bid vir die predikante wat bedien asook vir elke geestelike leier. Paulus vra vir die gelowiges in 1 Thess. 5:25 om vir hulle te bid. Laat ons spesifiek in ons gebede bid dat elke leier deur God se krag met die goeie werk sal aanhou. Bid dat elke leier opnuut in hulle persoonlike verhouding met God versterk word. Bid vir wysheid in die leiers om reg te besin oor op watter wyse God die bediening in sy gemeente wil inrig.
- Bid vir die sustersamekoms die 9de Mei asook vir die Ken-mekaar-braai tussen ouderlinge, diakens, groepleiers en susters. Bid vir gewillige deelname deur lidmate en geseënde geleenthede wat werklik groei in ons geloofsverhouding met God en in verhouding met mekaar sal bewerk.
- Bid vir eenheid in ons Kerkverband. Bid dat die Heilige Gees ons eenheid in geloof en liefde vir mekaar sal versterk sodat ons gekenmerk word as diegene wat onder Christus se Hoofskap een is.

**MEELEWING**

- Marthie Schoeman ervaar die afgelope vier maande erge rugpyn en was aanvanklik gediagnoseer met heupprobleme. Die blyk egter dat die probleem in haar rug is en sy het Donderdag na Pretoria vertrek vir ondersoeke en 'n rugoperasie daar.
- Joke Botha het 'n terugslag beleef terwyl sy aansterk na haar rugoperasie. Sy word steeds in Mooimed behandel.

- Dirk en Rita Venter was Woensdag in ‘n motorongeluk en is oornag in die hospitaal gehou vir plate en ondersoeke. Hulle is genadiglik nie ernstig beseer nie en sterk tuis aan.
- Rita Kleynhans ondergaan DV Donderdag 11 Mei ‘n rugoperasie in Mooimed.
- Hestie Janse van Rensburg het ‘n fraktuur in haar arm opgedoen en gaan volgende week vir verdere toetse om te sien of ‘n operasie nodig is.
- Douw Kruger het ‘n operasie ondergaan om ‘n aneurisme in sy lies te herstel. Hy sterk tuis aan.
- Marthie van der Walt ervaar - benewens griep - ook hewige allergiese reaksie op haar vel waarvoor sy behandeling ontvang. Ds Pieter is aan die herstel na sy griep.
- Annatjie Grobler sterk nog aan in Huis Eikelaan se versorgingseenheid.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## ONS VERWELKOM

Ingrid de Jong wat met attestaat vanaf GK Potchefstroom Die Bult by ons aansluit. Sy woon in Bergkiepersol 6, Die Plaaswerf, groep 4.

## BAIE GELUK

Koos en Riana de Klerk het ‘n kleindogter ryker geword. Ons is saam met julle baie dankbaar.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 9
Tee, koffie en sap
17:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Diakonie: DB
19:00 Jeugdiensgroep

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10
18:00 Sustersamekoms

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Emeritusfonds (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Ekumenisiteit Buitelands.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 18 en 19.

## KENMEKAAR EN KUIERBRAAI OP SONDAG 14 MEI VIR AMPSDRAERS, KLEINGROEPLEIERS EN SUSTERS LEIERSKORPS

Die Diakonie nooi al die ouderlinge, kleingroepleiers, sustersbestuur en groepsusters uit om op Sondag 14 Mei om 12:00 saam te kom kuier en braai en mekaar van naderby te leerken. Ons dien almal saam in die gemeente maar leef tog ver van

mekaar en het nodig om mekaar beter te leer ken.

Bring julle eie vleis, drinkgoed en eetgerei. Ons weet dit is Moedersdag: so die manne sal moet uithaal en sorg dat die mammas ‘n bietjie bederf word. Jou hele gesin is welkom om saam te kom kuier.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 7 Mei**
Jsr Zara Bezuidenhout
Br Willie v Vuuren

**Maandag, 8 Mei**
Jsr Tineke Coetzee
Br Boet Schoeman

**Woensdag, 10 Mei**
Sr Corrie du Plessis
Sr Hannatjie du Plessis
Jsr Ilani Grobler
Br Bartho Pasch
Br Huib v Hamburg *

**Donderdag, 11 Mei**
Sr Amoné Delport
Sr Judy Gouws *
Sr Marlé le Roux
Sr Rachel Vorster *

**Vrydag, 12 Mei**
Sr Nauma Blom
Sr Leischa Lazenby
Sr Carina Coetsee

**Saterdag, 13 Mei**
Br Koos Jooste *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**AMANDELBLOEISELS**

Almal word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op 17 Mei om 10:00 in die Skuur. Hoe veilig en paraat dink jy is jy? Omstandighede is besig om vinnig te verander in ons wêreld daar buite ... ons moet asseblief nie onkant betrap word nie!

Kom luister gerus na die goeie wenke en raad oor veiligheid en sekuriteit wat deur ‘n personeellid van die SAP met ons gedeel word - ons gaan daaroor dink en vrae vra en dan heerlik met ietsie om te drink en 'n eetdingetjie gesels en kuier. Almal is baie welkom!

**OOSDOPPERFEES: HULP**

Soos ons nou ‘n paar keer kennis gegee het beplan ons die Oosdopperfees vir die 5de Augustus hierdie jaar.
Ons vra reeds hulp vir die fees met die volgende afdelings:

- in die kombuis vir al die kosse wat ons daar voorberei vanaf 8:00 tot 13:00 en
- met die oggend se ontbyt wat vanaf 08:00 tot 10:00 bedien word.

Gee gerus julle name deur by kerkkantoor indien jy kan help.

**HUIS HEBRON UITREIK**

Een van ons uitreikprojekte is Huis Hebron. Ons het ‘n skenking van mussies gekry van Corrie du Plessis en haar span wat dit gebrei het, waarvoor ons baie dankie sê. Dan wil ons ook graag vir elkeen inwoner ‘n handdoek gee. Daar is 90 inwoners in Huis Hebron. Ons gee geleentheid ook vir lidmate om ‘n handdoek te skenk of bydraes te gee

wat in die sustersrekening inbetaal kan word. Baie dankie aan die groepsusters wat reeds hul hulp aangebied het om met die projek te help. Ons wil graag hierdie projek die 27 Mei afhandel, indien jul betrokke wil wees.

## GKSA-NUUS

Beroepe ontvang

- Ds Eric Kayayan van GK Rietvallei na die Oak Glen United Reformed Church in Illinois, VSA.
- Ds GM (Marnix) Boersema van GK Graaff Reinet na GK Hermanus

## UITNODIGINGS

- **Aardklopstalletjie**
  Aardklop het aan ons susters 'n uitnodiging gerig om 'n kosstalletjie tydens 2023 se Aardklopfees te hanteer. Omdat die susters reeds baie betrokke is by die Kinderfees, sien hulle nie hulle weg oop nie. Indien 'n groep / lidmate dit namens die susters wil doen, kan hulle met Rieëtte kontak.
- **GK Cachet: Damesoggend**
  Ons susters word uitgenooi na die damesoggend, Saterdag 6 Mei om 09:00. Sprekers: Dr Suzanne Kruger en Nicole Botha - R120 p/persoon.
  Advertensie op kennisgewingbord. Lys vir besprekings in voorportaal van die Skuur.

## KENNISGEWINGBORD

Gratis haarsny vir mans 8-26 Mei Thasa, op HTS se gronde.

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG!





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS


Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 9, Chanelle v As en groep 18, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BLIKKIES-WARMHARTE




Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

## SUSTERSAMEKOMS: DINSDAG 9 MEI

Blok B nooi al die susters na 'n spesiale kuier-geleentheid uit! Hou hierdie datum oop en kom geniet die aand saam met heerlike sop en broodjies. Barend vd Westhuizen spreek ons toe!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| 9 Mei | Dinsdag | 18:30 | Blok B | Sustersamekoms |
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |